

## LITANIE VAN ST. JOSEF

---

*V*/ Here, ontferm U oor ons.

*V*/ Christus, ontferm U oor ons.

*V*/ Here, ontferm U oor ons.

*V*/ Christus, verhoor ons.

*R*/ Here, ontferm U oor ons.

*R*/ Christus, ontferm U oor ons.

*R*/ Here, ontferm U oor ons.

*R*/ Christus, verhoor ons.

*V*/ God, hemelse Vader,

*V*/ God, die Seun, Verlosser van die wêreld,

*V*/ God, die Heilige Gees,

*V*/ Heilige Drie-eenheid, één God,

*R*/ ontferm U oor ons.

*R*/ ontferm U oor ons.

*R*/ ontferm U oor ons.

*R*/ ontferm U oor ons.

Heilige Maria,

bid vir ons.

Heilige Josef,

bid vir ons.

Roemryke afstammeling van Dawid,

bid vir ons.

Lig van die Aartsvaders,

bid vir ons.

Bruidegom van die Moeder van God,

bid vir ons.

Kuise bewaarder van die Maagd,

bid vir ons.

Pleegvader van die Seun van God,

bid vir ons.

Sorgsame beskermer van Christus,

bid vir ons.

Hoof van die Heilige Huisgesin,

bid vir ons.

Regverdige Josef,

bid vir ons.

Kuise Josef,

bid vir ons.

Sterke Josef,

bid vir ons.

Gehoorsame Josef,

bid vir ons.

Getroue Josef,

bid vir ons.

Spieël van geduld,

bid vir ons.

Liefhebber van armoede,

bid vir ons.

Voorbeeld vir arbeiders,

bid vir ons.

Sieraad van die huislike lewe,

bid vir ons.

1

---

Beskermer van maagde,	bid vir ons.
Steun van huisgesinne,	bid vir ons.
Troos van die ongelukkiges,	bid vir ons.
Hoop van die siekes,	bid vir ons.
Beskermheilige van die sterwendes,	bid vir ons.
Skrik van die duiwels,	bid vir ons.
Beskermheer van Heilige Moeder Kerk,	bid vir ons.

Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem,  
spaar ons, o Here.

Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem,  
verhoor ons, o Here.

Lam van God, wat die sondes van die wêreld wegneem,  
ontferm U oor ons.

*V* God het hom aangestel as heer oor sy huis.

2

*R* En as bewaarder oor sy besittings.

*V* Laat ons bid:

*R* Almagtige God,  
U het in u groot voorsienigheid  
die heilige Josef uitgekies tot bruidegom van u allerheilige Moeder;  
ons bid U: Gee hom aan ons as voorspreker in die hemel,  
soos ons hom as beskermer hier op aarde vereer.

Deur onse Here Jesus Christus, u Seun,  
wat met U in die eenheid van die Heilige Gees, leef en heers,  
één God, tot in alle ewigheid. Amen.